



Ons wil God se vreugde vermeerder!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

16 Junie 2022

Gedagte vir die week:

As die boodskapper té sterk is, word die Boodskap té swak.

Vertretpunt:

Handelinge 18

Meditasie uit die Woord:

Ek het groot waardering vir die werk wat Paulus gedoen het. Ek is dankbaar vir sy nalatenskap via Die Bybel. Maar ek hou nie van sy styl nie. Ek hou nie daarvan dat een mens 'n ander mens probeer oortuig nie. My ervaring is dat die begeerte om 'n ander mens te oortuig, 'n mens baie gou lelik en hard en kwaai kan maak. Terwyl jy praat oor God, wat Liefde is, raak jy somer gou liefdeloos met jou woorde en jou liggaamstaal. Jou oë kan vinnig begin vuur spoeg en jou praatstem kan baie gou 'n skree-stem raak en dan word die verhouding beskadig deur die argument/redenasie. En so mis ons die punt. Ons sien in Paulus se storie hoe sy styl dikwels daartoe lei dat mense hom met klippe gooi en dat hy, soos hier in Handeling 18, mense afskryf. Ek hoor hier van Jesus, maar ek sien nie veel van Jesus nie. So ek kies vir getuig, vir ontspanne gesprek met geen begeerte tot oortuiging van my gespreksgenoot nie. My verstaan van die waarheid hoef nie aanvaar te word nie. Ek soek nie volgelingen en dissipels nie, ek soek gespreksgenote en reisgenote. Ja, ek was nie altyd só nie. Ek was ook jonk en warmbloedig-vurig. Ek het my stem verhef en my hande het gesweet. Ja, ek het baie gesprekke omskep in 'n kompetisie. Ek het. Soos Paulus. Tot op 'n dag dat ek beseft het dat as die boodskapper en die boodskap nie belyn is nie, die boodskap sy krag verloor. As die boodskapper té sterk is, word die Boodskap té swak.

Ek wonder hoe jy hieroor dink. Jy kan gerus laat weet. En jy mag verskil.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 19 Junie 2022 om 09:30 (LET WEL!) het ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Indien loadshedding weer onverwags gebeur sal ons jou per whatsapp laat weet as die aanvangstyd verander. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/HWZ3puiYOWs>

Meditasie uit die lewe

Die proses om 'n nuwe leraar te beroep het begin. Die advertensie is in **Die Kerkbode** geplaas en ons het reeds navrae en aansoeke gekry. As jy 'n leraar **persoonlik** ken, wat jy graag as leraar van ons gemeente sal wil hê, moet jy hom/haar persoonlik laat weet van die advertensie en aanmoedig om 'n CV in te handig voor 19 Julie 2022 om 12:00.

Sondag sal ons in die voorportaal houers plaas waarin jy nie-bederfbare kos mag plaas vir verspreiding na behoeftige gesinne.

Jy kan gerus gaan kyk na die gemeente se webwerf by www.ngkagterpaarl.com. Jy kan al die reisbriewe van die afgelope jare asook die reisgesprekke, soos op Youtube versprei, daar vind. Indien jy enige kommentaar of voorstelle ter verbetering het kan jy dit epos na ngkagterpaarl@telkomsa.net

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**